Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# ONTWERP V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Beantwoord in volsinne en vermy om slegs feite te lys.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan ŉ vraag spandeer moet word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## VRAAG 1: VISUELE GELETTERDHEID – ONGESIENE WERKE

1.1



**FIGUUR 1**
**Die Heydar-Aliyev Kulturele Sentrum** deur Zaha Hadid, 2012.
Die sentrum bestaan uit 'n museum, biblioteek en konferensie-sentrum. Die ontwerp is sterk beïnvloed deur ontwikkeling in die omliggende gebied. Hierdie nuwe woonbuurt sal rondom 'n nuwe buite piazza opgerig word, geleë op 'n perseel van meer as 111 000 $m^2$.

1.1.1 Ontleed FIGUUR 1 hierbo volgens die volgende elemente en beginsels van ontwerp:

- Lyn (2)
- Kontras (1)
- Patroon (2)
- Fatsoen (2)
- Eenheid (1)

1.2




**FIGUUR 2**

1.2.1 Verduidelik hoe die korrekte gebruik van die volgende tipografiese terme gebruik word om die leesbaarheid van die afbeelding in FIGUUR 2 hierbo te verbeter:

- Kerning (1)
- Tipe gerigtheid (1)

1.2.2 Verduidelik TWEE van die volgende terme en gee EEN voorbeeld van elk:

- Tipe
- Lettertipe
- Tipe familie (4)

1.3



**FIGUUR 3**
**Die Appel Logo**

1.3.1 Pas TWEEeienskappe van ’n goeie logo toe op FIGUUR 3 hierbo om te wys of die logo suksesvol is of nie. (2)

1.4




**FIGUUR 4**

1.4.1 Ontleed die beeld in FIGUUR 4 hierbo om jou begrip van die volgende terme aan te toon (gee redes):


- Universele ontwerp (2)
- Simbole (2)
- Propaganda plakkaat (2)

1.5 Ondersoek die afbeeldings in FIGUUR 5 en FIGUUR 6 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR 5**

Plakkaat van die 'Continental Savings Bank': "Purse" Gedrukte Advertensie deur Freight Train, (VSA), 2008. **NEEM BEHEER OOR JOU FINANSIES.**



**FIGUUR 6**
Foto uit die '*Daily Telegraph'*, (Engeland), 2012

1.5.1 Vergelyk FIGUUR 5 en FIGUUR 6 volgens die teks en beelde om die gebruik van stereotipering te verduidelik. (6)

1.5.2 Beskryf TWEE negatiewe uitwerkings van stereotipering. (2)
**[30]**

## AFDELING B: DIE GESKIEDENIS VAN ONTWERP EN POPULÊRE KULTUUR

### VRAAG 2: INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP (ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO; DE STIJL; MODERNISME; SKANDINAWIESE STYL)





2.1

**FIGUUR 1**
Art Nouveau
Tiffany Blou Oorbelle van koper en outydse glasklippe gemaak.

**FIGUUR 2**
Art Deco
Oorbelle (ontwerper onbekend)

2.1.1 Bespreek die oorbelontwerpe in FIGUUR 1 en FIGUUR 2 hierbo om te wys hoekom hulle tipies is van die bewegings waaraan hulle behoort. Maak spesifieke verwysing na die volgende:

- Doelwitte (2)
- Invloede (4)
- Algemene kenmerke (4)

(Jy moet in paragraafvorm skryf. Moenie tabelle of opskrifte gebruik nie.)



**FIGUUR 3**
**'Farmyard Suitcase Chair',** deur Recreate. Ontwerper Katie Thompson (Suid-Afrika).



**FIGUUR 4**
**Riempiestoel** deur Pierre Cronje, (Suid-Afrika).

2.2.1 Ondersoek die TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerpe in FIGUUR 3 en FIGUUR 4 op die vorige bladsy en beantwoord dan die volgende vrae:

- Pas jou kennis van die ontwerpbewegings toe om te wys hoe FIGUUR 1 deur die Skandinawiese ontwerp beïnvloed is en FIGUUR 2 die Kunsvlyt-beweging weerspieël. (4)
- Gee die naam van EEN ontwerper van elke beweging (Skandinawiese ontwerp en die Kunsvlytbeweging). Moet nie die ontwerpers in FIGUUR 3 en FIGUUR 4 gebruik nie. (2)
- Gee ŉ kort ontleding van EEN werk uit òf die Kunsvlytbeweging of die Skandinawiese styl. (4)

2.3



**FIGUUR 5**
ŉ Moderne interpretasie van ŉ vorige ontwerpstyl, deur Design Style Company, TDS. (Engeland).

2.3.1 Noem die styl wat die ontwerp in FIGUUR 5 beïnvloed het en gee VIER karaktereienskappe van die styl. (5)

2.4 2.4.1 Watter EEN van die volgende stellings verwys na die Modernisme en hoekom?

- Minder is vervelig
- Minder is meer (2)

2.4.2 Beskryf die Modernistiese aanslag tot Vorm en Funksie. (1)

2.4.3 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die Modernistiese Styl. (2)

**[30]**

## VRAAG 3: POPULÊRE KULTUUR

3.1 3.1.1 Skryf ŉ kort paragraaf waarin jy die betekenis van Populêre Kultuur definieer. (4)

3.1.2 Skryf ŉ opstel waarin jy die Populêre Kultuur van TWEE van die ontwerperas wat jy bestudeer het, bespreek. Hierdie sluit die Kunsvlytbeweging, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco, Modernisme en Pop-kuns in.

LET WEL: Skryf jou opstel in paragraafvorm en moenie opskrifte gebruik nie. (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KONTEMPORÊRE, INTERNASIONALE, OMGEWINGS- EN SOSIALE ONTWERP

## VRAAG 4: OMGEWINGSONTWERP

4.1 Gee noukeurig aandag aan die afbeeldings in FIGUUR 1 hieronder en aan die meegaande teks, en beantwoord dan die vrae wat volg.




**FIGUUR 1**
Bekroonde **Karoo Wilderness Centre** deur Field Architecture

In die droë Karoo, het die Wildernessentrum ten doel om weer ’n verband tussen die gebou en die natuurlike wêreld te vestig wat tot voordeel van beide is. Dit is ’n perfekte voorbeeld van volhoubaarheid. Dit genereer sy eie energie, oes sy eie water, en prosesseer sy eie afval. Dit bied ook hitte en gebruik geen munisipale water of krag nie.

Die gebou se gesofistikeerde dak herinner ons aan die plaaslike Aloe Ferox plant. Die dak het ’n groot reën opvanggebied-tenk wat dien as ’n groot hitte “bak”. Dit verhoed dat die hitte van die dag die gebou infiltreer. Hidroniese pype wat aan die watertoevoer gekoppel is, straal hitte deur die plafon wanneer dit nodig is. Materiaal vir die bouwerk is plaaslik verkry.

Konstruksie van die gebou is so beplan om plaas te vind met inagneming van die reënsiklus, om ekologiese versteuring te verminder. Enige ontwrigte aalwynplante sal herplant word.

4.1.1 Met verwysing na FIGUUR 1 en die inligting in die meegaande teks hierbo, verduidelik jou insig van die volgende:

- Volhoubare ontwerp (2)
- Koolstofvoetspoor (2)
- Biomimiek (2)

4.2




**FIGUUR 2**

**World Wildlife** Plakkaat oor Klimaatverandering

Diere regoor die wêreld verloor hulle natuurlike habitat a.g.v. klimaatverandering.

4.2.1 Met verwysing na die bostaande plakkaat, verduidelik EEN manier waarop ontwerpers kan help om aardverwarming te voorkom. (Moenie inligting wat reeds in ander vrae gebruik is, herhaal nie.) (1)

4.3 Bespreek die werk van EEN internasionale ontwerper of ontwerp maatskappy wie se werk omgewingskwessies duidelik aanspreek. Voorsien die volgende:

- Die naam van die ontwerper
- Die ontwerper se doelwitte en benadering tot ontwerp
- Die naam van 'n ontwerp deur die ontwerper en 'n verduideliking van hoe hierdie produk omgewingskwessies aanspreek. (8)

**[15]**

## VRAAG 5: SOSIAAL-VERANTWOORDELIKE ONTWERP

5.1 Bestudeer die beeld en teks in FIGUUR 1 hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.



**FIGUUR 1**
**The EMBRACE** deur Jane Chen en Linus Liang (Nepal), 2012.

Die EMBRACE is ŉ lae-koste broeikas in die vorm van 'n slaapsak vir lae geboorte-gewig of voortydige babas. Dit bevat 'n verwarmingseenheid, wat verhit word wanneer warm water daarin gegooi word. Die sak is ontwerp om ŉ veilige en konstante, warm temperatuur vir vier uur te hou. Dit verbeter grootliks ŉ baba se kans op oorlewing, want dit gee die ma tyd om haar baba by 'n hospitaal in ŉ stedelike gebied te kry.

Dit verkoop teen die minimum koste van 25 dollar, en daar word geen wins op gemaak nie. Dit is herbruikbaar wat die koste verder verminder. Dit sal ŉ nie-winsgewende ontwerp bly sodat die ontwerpers hul sosiale missie kan vervul en dit is om elke moontlike baba 'n kans op oorlewering te gee. Dit is die wenner van die 2012 Grinell prys vir sosiale ontwerp.

5.1.1 Definieer *sosiaal-verantwoordelike ontwerp*. (1)

5.1.2 Met verwysing na die ontwerp en die inligting in FIGUUR 1, verskaf antwoorde vir die volgende:

- EEN wyse waarop die bogenoemde ontwerp tot positiewe sosiale verandering bydra. (1)
- Enige beperkings op die gebruik daarvan in ŉ Suid-Afrikaanse konteks. (1)
- TWEE kenmerke van die ontwerp/produk wat onder die kategorie van Universele Ontwerp val (2)

5.2 Skryf oor die werk van EEN plaaslike of EEN internasionale sosiaal-verantwoordelike ontwerper. Sluit die volgende inligting in:

- Naam van die ontwerper
- Doelwitte
- Invloede
- Algemene kenmerke
- 'n Ontleding van EEN werk deur die ontwerper wat duidelik sosiale verantwoordelikheid aandui. (10)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 100**